Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.










DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 20 SEPT. 1944. No. 44.

# Stelsel Gebaseer op Partyskap Kan Nie Bestaansveiligheid Bring

## O.B.-Idee Enigste Wat Kan Seëvier — Genl. J. A. Smith

**„Genl. Smuts se skrikbewind is uitgedien in Suid-Afrika, maar geen ander mag wat op dieselfde stelsel van partyskap gebaseer is, kan Suid-Afrika of die wêreld red met die een of ander bestaansbeveiliging nie. As Smuts dit nie met 110 parlementslede kon doen nie, sal geen ander party dit met minder kan regkry nie, want die stelsel is verkeerd, het genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., verlede Dinsdagaand in die Collingwood-saal, Observatory, verklaar toe hy en genle. J. S. du Toit 'n groot gehoor toegespreek het.**

Genl. Smith het met verwysing na die verloop van die oorlog en die leedvermaak van vyandiges wat meen dat die O.B. se dae getel is omdat dit lyk of Duitsland verloor, gesê dat die Ossewabrandwag nooit nouer verwant of meer afhanklik was van die voortbestaan van die Duitse ras as die res van die Christelike beskawing nie. Want as hierdie bakermat van die Christelike kultuur ly, ly ook Engeland en die res van die beskawing. **In 1914 was daar ook 'n oorlog en ook toe is daar net soos nou geskel op die rebelle, maar die rebellegees het gewen en in 1924 regeer.** Die wapens mag die een of ander op die slagveld 'n oorwinning besorg, maar die wil van 'n volk om te leef is 'n onverwinlike wapen. Dit was hierdie wil om te leef wat Duitsland na die vorige oorlog laat herleef het, en wat ook ons belangrikste wapen is.

Die idee van die Ossewabrandwag is besig om geweldige afmetings aan te neem, en dit kos nou al geen profeet meer om te voorspel dat die enigste idee wat kan en sal seëvier, dié van die Ossewabrandwag is nie. Genl. Smuts met sy skrikbewind is uitgedien in Suid-Afrika. Oor sy regering kan die aasvoëls nog draai, maar niks meer nie. Dit is die wet van die natuur dat mense wat op so 'n wyse huishou, moet ondergaan. En vandag staan mense wat ons beveg het, klaar om Smuts te verlaat. Hy belowe aan hulle bestaansbeveiliging vir na die oorlog, **maar spr. vra as hy in hierdie oorlogsjare met al sy mag en noodwette tot beskikking nie in staat is om bestaansveiligheid te waarborg nie, hoe kan hy dit na die oorlog waarborg? As hy dit kan gee, waarom doen hy dit nie nou nie? Maar die wêreld en Suid-Afrika sal nie reggemaak kan word met die stelsel wat Smuts gebruik nie, en in sy plek sal ook geen ander mag wat op partyskap gebaseer is, bestaansveiligheid kan bring nie, want as Smuts met sy 110 parlementslede dit nie kon doen nie, hoe kan 'n ander party met minder parelementslede dit regkry?**

**BEGINSELS VERKWANSEL**

Die stelsel is verkeerd, en die wêreld het al geleer om nie meer te glo aan die liberalistiese partyskap nie, **want jy moet jou beginsels verkwansel vir stemme nog voordat jy begin het, anders kom jy nie aan die bewind nie.** Daarom is daar 'n geweldige toename van vertroue in die Ossewabrandwag, en ons sien daagliks hoe daar in die pers oor die Beweging geskryf word. Min. Hofmeyr het onlangs nog gesê dat daar net een vyand is om teen te veg en dit is die Ossewabrandwag. Afrikaans- sowel as Engelssprekendes begin besef dat die een perd doodgery is en die ander holrug — want sedert 1924 was die Nasionale Party aan bewind wat werklik gemeen het dat hy iets gaan doen. Dit was 'n kombinasie van die Nasionale en Arbeidersparty. Almal het 100 persent trou teenoor die arbeider en 100 persent trou teenoor nasionalisme verwag, dog in 1933 is die land van goud af gestoot weens die gewetenlose spekulasie met geld. 'n Land wat ekonomies wurg kan nie met die partystelsel gered word nie.

Ons sien nou weer hoe die H.N.P. 'n deel van die volk uit sy gelederskop. **Daarmee erken die leier dat sy party die hele volk nie kan omvat nie. In teenstelling met hierdie optrede van uitsluiting staan die K.G. se verklaring op Elsburg dat hy nie kyk hoe 'n man in die verlede gestem het nie, maar net of hy 'n goeie Afrikaner en republikein is. Dan is hy welkom. Die O.B. is dus insluitend en kan die hele volk omvat.**

Die mense sien hierdie waarheid in, en hulle begin besef dat die enigste waarborg vir volkseenheid en welvaart 'n ewewig is tussen werkgewers en werknemers. Dit is die nasionale sosialisme, gelyke beregtiging van alle dele van die volk. Die Ossewabrandwag is besig om 'n arbeidslaer op te bou uit alle werkers van die volk. Dit is egter nie net die man wat met die pik en graaf werk wat 'n arbeider is nie. Elkeen wat diens verrig in belang van die gemeenskap is 'n werker of hy in die kantoor of in die fabriek staan. **Daarom oorweeg die Ossewabrandwag tans die stigting van 'n gemeenskapsraad waarin die beste brein van die land sal wees om leiding te gee op ekonomiese gebied, sowel vir die werker as vir die werkgewer. Geen belange bots van nature nie, en die verteenwoordigers van die verskillende belange sal binne hierdie gemeenskapsraad leiding gee. Die O.B. kan dit doen, want hy wil met elke man gesels, omdat almal saam die volk uitmaak. 'n Politieke party kan dit nie doen nie, want hy moet die belange teen mekaar laat afspeel in sy voortdurende stryd om die bewind te bemagtig.** Aan die werknemers in die nywerheid sê die Ossewabrandwag: ons wil nie julle vakbonde vernietig nie, maar ons wil julle inskakel by iets groter as jul vakbonde; ons wil julle inskakel by die volk waarsonder julle nooit jul stryd kan wen nie.

**VERKIESINGSFRONT**

Daar word gedurig gevra hoe die Ossewabrandwag hierdie nuwe staat gaan bring. Toe hom twee jaar gelede die vraag gestel is deur Die Burger het spr. geantwoord dat hy nie die een of ander kwaksalwer-middeltjie het nie, **maar dat die Ossewabrandwag die volk so wil voorberei en organiseer dat hy in staat sal wees**

Vervolg op bls. 2, kol. 4.

# Meer Genade vir Skollie as Vir Weduwee van Poliesman

By sy aftrede as Adjunk-kommissaris van Polisie in Wes-Kaapland kort gelede het lt.-kol. R. Devenish hom uitgelaat oor die skandelike behandeling wat die polisie van die staat ontvang. Hy het gesê dat hierdie manne wat die land teen misdaad beskerm op 'n karige salaris werk waarmee hulle in die stede nie kan uitkom nie. Hy was soms verplig om 'n man na die platteland te stuur net om hom kans te gee om 'n bestaan te maak. **Wanneer 'n konstabel na dertig jaar getroue diens aftree, ontvang hy die vorstelike pensioen van £10 per maand, het hy gesê. Indien 'n konstabel in die uitoefening van sy gevaarlike pligte sterf, word aan sy weduwee 'n pensioen van £2 10s. per maand betaal, wat minder is as wat 'n skollie, wat miskien sy hele lewe aan misdaad verkwis het, op sy oudag van die staat ontvang.** Totsover kol. Devenish.

Hierdie skandalige toestand duur al sedert die Unie voort. Partye het gekom en gegaan, maar nog niks is gedoen om hierdie hardwerkende deel van die volk behoorlik te vergoed vir hul arbeid nie. **Sou die rede miskien wees dat daar so min polisie in elke kiesafdeling is dat geen party hom aan hulle hoef te steur nie? 'n Stem is mos al wat 'n party se hart week maak!**

## 75-JARIGE KORPORAAL SE OFFERVAARDIGHEID

**'n Mooi gees van offervaardigheid vir die Volksbeweging word geopenbaar deur korp. Willem Brits van Marquard. Die waardige ou vader wat op 8 Desember e.k. 75 jaar sal wees, kom gereeld na elke O.B.-vergadering, en wel met 'n trapfiets 10 myl ver oor 'n baie slegte pad.**

**Met die jongste funksie het hy 14 mandjies (wat hyself van draad en bamboes maak) met die fiets aangery.. Die mandjies is werklik 'n kunswerk. Daardeur kon die kommando 'n baie mooi bedraggie byeenbring.**

**Hy mis geen vergadering nie en nou met die laaste vergadering het hy weer 10/- bygedra. „Ek voel," sê korp. Brits, „ons gee glad te min vir die groot Volksbeweging". Daar hyself nie 'n welgestelde man is nie, word sy opoffering des te meer waardeer.—(Ingestuur.)**

## WEIER KRUGERDAG

Die Transvaalse sowel as die Vrystaatse Munisipale verenigings het eenparige besluite op hul jongste kongresse geneem om die regering te versoek om 10 Oktober, verjaardag van pres. Kruger, tot vakansiedag te verklaar. 'n Paar dae gelede het die Transvaalse Provinsiale Raad eenparig besluit om dieselfde versoek tot die regering te rig en gevra dat dit Krugerdag genoem moet word.

**Aan 'n afvaardiging van die Transvaalse stadsrade het die regering egter geantwoord dat hy dit nie raadsaam ag om 'n verandering „in die huidige abnormale omstandighede" aan te bring nie.**

Onder „abnormale omstandighede" bedoel die regering natuurlik die huidige samestelling van die kabinet wat byvoorbeeld meer besorgd is oor die verskaffing van voedsel aan die bevolking van **Engeland** as van Suid-Afrika.




KOMMISSIE-AGENTSKAP

LAAT U MEDE-BOERENDE-BOERE SE YWERIGE KOMMISSIEAGENTSKAP, DIE

VOLKSKOPER MARK

Beperk,
Wolhuterstraat 62,
NEWTON JOHANNESBURG,

U PLUIMVEE, EIERS, LEWENDEHAWE, VRUGTE EN ALLE ANDER SOORTE PRODUKTE VIR U VOORDELIG VERKOOP.

Leuse — „DIENS."

ONS WEET U VERKIES OM U VENDUSIES IN DIE TRANSVAAL IN AFRIKANER-HANDE TE GEE.

TOT U DIENS.

Wesrandse Venduafslaers
(Edms.) Beperk.
Posbus 46, Foon 62-1764.
MARAISBURG.
of
Posburs 245, Foon 66-2799,
KRUGERSDORP.

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

AANDAG ! !

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder

JOHN SCHOEMAN,

„EXCELSIOR"

VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 6/- en 10/- respektiewelik is.

## VIR DIE BOEREJEUG

### Ontstaan van die Laer

Vir die behoud van die Boerevolk teen die gevaar van aanstormende Kaffer-hordes, het die laer 'n baie belangrike rol gespeel. Waarskynlik het die eerste laertrek in die geskiedenis van die Afrikanervolk plaasgevind gedurende die Eerste Kaffer-oorlog 1779—80.

In September van die jaar 1779 het die eerste oorlog uitgebreek tussen die witman en die Bantoe in Suid-Afrika. Die Kaffers het by duisende die grens van die Grootvisrivier oorstroom. Twee Boerekommando's het dadelik opgeruk teen die aanvallers en hulle verslaan en oor die rivier verdryf. Baie het egter agtergebly en skuiling gevind in die digte bosse. Die volgende winter het die Xosas weer die Kolonie binnegedring en planne is beraam om hulle terug te dryf. Kommandant Adriaan van Jaarsveld wat al in die vorige Kommando's uitgeblink het as leier en krygsman, is deur die regering benoem tot Kommandant van die grenskommando's. Voordat hulle egter kon opruk teen die Kaffers moes eers voorsorgmaatreëls getref word vir die families van die grensboere en die Hottentotte. Wes van die Grootvisrivier in die Noord-oostelike Kaapkolonie is dadelik twee laers getrek, een vir die families van die grensboere en die ander vir die Hottentotte. Hierdie laers is in die vorm van 'n vierkant getrek en die opening tussen die wiele is verskans met doringtakke. 'n Klompie manne onder leiding van 'n Laerkommandant het by die laers gebly om dit te beskerm.

Hierdie vorm van verdediging was die eerste voorbeeld van laertrek in ons geskiedenis.

VOORTREKKERS

Laertrek het 'n baie belangrike rol in die dae van die Trekkers en daarna gespeel; sonder die laers sou dit onmoontlik gewees het om teenstand te bied teen die Matabele- en Zoeloe-impies. Die laer kan beskou word as die Voortrekker-fort op wiele. Om laer te trek was dit noodsaaklik dat die Trekkers in groepe of geselskappe trek. As groep kon hulle hul makliker verdedig. In Natal was daar 'n menigte klein, verswakte laers en dit is ook een van die groot oorsake waarom honderde Trekkers onverwags aangeval en uitgedelg is. Die klein laers kon geen doeltreffende weerstand bied teen die bloeddorstige Zoeloes nie.

Aan die hoof van elke trekgeselskap het 'n kommandant gestaan. Hy was die hoof en leier van die trek in geheel. Om die leier behulpsaam te wees met sommige van die werksaamhede is een persoon uit die trekgeselskap aangestel as laerkommandant. Hy was alleen verantwoordelikheid verskuldig aan die leier, en was verantwoordelik vir die laertrek en moes toesien dat alles behoorlik geskied. Waar in die middag uitgespan word, moes hy 'n geskikte plek aanwys vir laertrek en indien nodig, die laer gereed bring vir verdediging. Die laerkommandant moes ook sorg vir die orde, wet en dissipline in die laer. Onreelmatighede moes deur hom onder die aandag van die leier gebring word. Hy was ook verantwoordelik vir die gesondheid en die sindelikheid van die laer as 'n geheel. Gesondheidsmaatreëls is deeglik getref want behalwe gevalle van kindersiektes het ander ernstige epidemies nie voorgekom nie. Die Trekkers kon dit ook nie waag om deur siektes verswak te word nie. 'n Ander plig van die laer-kommandant, veral gedurende die trek van 'n stryd- of veglaer, was saans te sorg vir brandwagte en om vir die veiligheid van die laer en die trekosse toe te sien. Die pligte en verantwoordelikhede van die laerkommandant was dus nie maklik nie.

# H.N.P.-Bewind Sal O.B. In Ban Doen

## Genle. Du Toit Staaf Met Voorbeelde

Genle. Du Toit, wat saam met genl. Smith te Observatory gepraat het, het gewaarsku teen die gevaar wat die Ossewabrandwag bedreig indien die H.N.P. aan bewind sou kom. Sy het verwys na Europa waar daar 'n broederhaat losgebrand het in die „bevryde" lande en Fransman Fransman vermoor. Ook in ons land hoor ons die dreigement van: „Ons sal onthou". Spr. het onlangs 'n boek oor genl. Smuts gelees. **Daarin sê die skrywer dat die O.B. in 1940 die grootste gevaar vir die regering was, maar genl. Smuts wou hom nie in die ban doen nie omdat hy geglo het dat die H.N.P.-leiers dit beter sou doen as hyself. Die afgelope jare het getoon hoe reg genl. Smuts die H.N.P.-leiers geoordeel het.** Maar die O.B. is nog nie deur dr. Malan vernietig nie. In die jongste tyd het hy weer voorblad-nuus geword nadat die K.G. gedreig het om self 'n verkiesingsfront te skep. Toe dr. Malan onlangs 'n vergadering op Malmesbury sou hou waar dr. Van Rensburg kort tevore 'n uitnodiging tot samewerking aan hom gerig het, was spr. baie begerig om te weet wat hy sou antwoord. Sou hy gebruik maak van die haglike toestand waarin die land verkeer om 'n verenigde front teen die Smuts-bewind te skep? **Hy het egter geen woord oor die landstoestand gerep nie, maar in plek daarvan uitgeroep: „weg met die O.B.!" Hy het gesê hy werk nie saam met Tsjaka en Dingaan nie en nog minder met dr. Van Rensburg.** Mense wat verlede keer nog stemme aangery het vir dr. Malan se kandidate, besef nou dat hy nog 'n groter gevaar vir die Ossewabrandwag is as die huidige regering. Die Regering het amptenare belet om aan die O.B. te behoort en hy het ons lede in die tronk gesmyt. **Nogtans verwyt die H.N.P.-leiers die Regering dat hy te slap optree.**

**VOORBEELDE**

As daar 'n verkiesing kom, sal hierdie politici weer met mooi beloftes kom, maar wat daarna sal gebeur as hulle aan bewind is, kan ons ons voorstel met wat tans gebeur. By die vorige verkiesing het 'n man soos dr. Karl Bremer plegtiglik verklaar dat hy bedank as direkteur van Die Kruithoring weens die blad se vyandigheid. **Kort na die verkiesing verneem ons egter dat hy tot voorsitter verhef is van Die Kruithoring se direksie en sedertdien val die blaadjie ons nog kwaaier aan as tevore. In 'n ander kiesafdeling waar die hoofkommandant hom so beywer het vir die H.N.P.-kandidaat dat hy byna in botsing gekom het met die A.K.G. wat hom gewaarsku het om nie teen mede-Afrikaners kant te kies nie, beywer daardie parlementslid hom nou om die hoofkommandant uit elke openbare liggaam te werk.** So erg tree hy teen hom op dat selfs 'n nasionalis gewaarsku het dat hulle nie die vuur wat tans in die mied brand na die skuur moet laat versprei nie. **Hierdie dinge is 'n aanduiding van hoe vyandig die H.N.P. teen die O.B. gaan optree die dag as hy aan bewind kom. Hy sal hom aan geen belofte hou nie. O.B.-lede sal uit hul werk geskop word, want ons onthou nog goed hoe een van die H.N.P.-sekretarisse aan 'n vraesteller gesê het: „Toemaar, ek weet waar jy werk!"**

Hierdie politici het onlangs op hul kongres besluit om die Engelse en kleurlinge terug te wen vir hul party, maar hierdie terugwenning geld nie vir u en my nie, het genle. Du Toit gesê. **In plaas daarvan word u nog uitgeskop. Dit toon u die vyandigheid wat ons te wagte kan wees die dag as hierdie mense die mag in hande kry. Hulle het reeds gesê hulle gaan dieselfde noodregulasies gebruik as die regering, en toe genl. De Jager onlangs vrygelaat is uit die kamp, het 'n H.N.P.-koerant 'n hoofartikel geskryf onder die opskrif: „Verkeerde mense losgelaat?"**

In die aangesig van die kommunistiese gevaar sal hierdie mense nie huiwer om die O.B. te vernietig nie en die volk sodoende uitlewer aan die rooi revolusie. Ons leef op 'n vulkaan. 'n Man wat kennis het van die feite het vir spr. gesê dat dit nog net sommige persone is wat die kleurlinge terughou van geweld. Daarom moet ons dankbaar wees dat die K.G. verklaar het dat voordat die O.B. deur die politici in die ban gedoen word, ons self 'n verkiesingsfront gaan skep.

Die vergadering is met gebed geopen deur komdt. A. J. Visser. Die O.B.-wag was ook op diens

### *Verjaarsdagketting*

**21 Sept.:** Elena Gericke, George; Christina S. Steenkamp, Aughrabies; Petronella Jooste, Loxton; Norman Vorster, Loxton; Jeanette Garter, Rondebosch; Ernest H. Eloff, Brits; Theodorus Potgieter, Utrecht.

**22 Sept.:** Marie Barnard, George; Florina J. Olivier, Lambrechtsdrift; Hugo van Aarde, Malmesbury; Michael Kitshoff, Woodstock; Elizabeth L. Hugo, Moorreesburg; Nicolaas M. Smit, Fraserburg; Martha M. Smit, Fraserburg; Jan Smit, Carnarvon.

**23 Sept.:** Pieter Wium, Stellenbosch; Japie Vernoei, Beaufort-Wes; Carina du Plessis, Noorder Paarl; Johan F. H. M. de Villiers, Beaufort-Wes; W. J. Kruger, Maizefield; Margot du Plessis, Paarl; Johan de Villiers, Beaufort-Wes; Andries L. v. d. Heever, Vaalkop; Johan L. Venter, Pietersburg; Helena C. Nel Bethlehem; Gabriel Kotzé, Bloemfontein.

**24 Sept.:** Marina J. Swanepoel, Worcester; Willem J. P. Duvenhage, Van Zijlsrus; Chrissta Giliomee, Postdam.

**25 Sept.:** Ella Wagener, Ceres; Johanna C. Franken, Caledon; Cornelia J. du Bruyn, Karreedouw; Anna B. Rosseau, Tamboerskloof; Jacobus Koch, Observatory; C. Rogers, Middelburg; Gert Roets, Utrecht; Martha v. Staden, Springbok.

**26 Sept.:** Hester Barnard, George; Harriet Burgers, Bellville; Fesia Weideman, Cradock; Naomi Serfontein, Addo; Annette Germishuys, Parow; Katharina Burger, Goodwood; Carl F. Bättenhousen, Stellenbosch; Mara Gouws, Prins Albert; Pierre du Plessis, Port Elizabeth; Danie du Plessis Port Elizabeth; Marcia de Lange, Montagu; Josina Burger, Montagu; Johannes de Jager, Pietersburg; Cornelus Visagie Pietersburg; Anna C. Kirsten, Zeerust.

**27 Sept.:** Pierre F. de Vos, Beaufort-Wes; Emma Deysel, Pearston; Christina J. Blom, Merweville; Jurrie H. Gouws, Prins Albert; Thomas Latsky, Carnarvon; Nelie Ras, Rustenburg; Richard Wheeler, Bethlehem.

**'N POLITIEKE PARTY** wat lede van die ander party moet uitsluit, kan nooit volkseenheid bring nie; net 'n volksbeweging met sy deure oop vir alle volksgenote kan dit doen.

Vervolg van bls. 1, kol. 2.

**om van enige geleentheid gebruik te maak wat die omstandighede bied, of wat hy self skep, om aan bewind te kom. As dit kruisies moet wees, so het spr. twee jaar gelede al gesê, dan trek ons almal hiervandaan tot in Johannesburg kruisies. Maar ons gaan nie kruisies trek vir mense wat ons wil vernietig nie. Dit is 'n ou beleid van die O.B. Reeds in 1941 met die Offisierslaer in Bloemfontein is besluit om die Ossewabrandwag in 'n politieke volksbeweging om te skep.** Dit beteken nie dat ons 'n party geword het nie. Die Ossewabrandwag wil in der ewigheid nooit 'n party wees nie. As volksbeweging kan ons ook gebruik maak van kruisies as dit sal help, **maar dan doen ons dit nie as 'n party wat partykandidate stel nie, dog ons stel volkskandidate wie se taak dit sal wees nie om in die parlement te gaan sit en redekawel nie, maar om die parlement, saam met sy Majesteit se opposisie en sy Majesteit self vir ewig te verban.**

Genl. Smith se toespraak, wat die eerste is wat hy sedert sy siekbed in die Skiereiland hou, is met uitbundige toejuiging begroet deur die gehoor. Die A.K.G. het ook sy meegevoel betuig met genl. P. D. Rousseau wat in die jongste tyd swaar ly weens 'n wond in die Tweede Vryheidsoorlog opgedoen.

Druiwemandjies se handvatsels word na vore gesit en geverf of vernis; sit plankwiele aan, en u het 'n pragtige popwaentjie.

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?
Bring dit na ons en sien die resultaat ! !
ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.
ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.
Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.
Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.
VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

# Brief Aan My Demokratiese Vriend

Geagte Volksgenoot,—Ek het onlangs 'n artikel gelees van 'n geleerde Afrikaner wat beswaar maak teen die nuwe benamings wat die O.B. vir sy staat het. Jy het dit seker ook gelees, want dit is deur jou koerante oorgeneem. Hierdie Afrikaner bedoel dit baie goed. Hy skryf blykbaar nie uit politieke vooroordeel nie, maar as godsdienstige man is hy in sy hart bang dat die volk deur die omwenteling wat aan die gang is, dalk skade aan sy siel kan ly. Ons waardeer hierdie vrees van hom, want dit is inderdaad so dat die menslike lewe boweal 'n geestelike doel het. **Ons het ook die taak, soos ons leuse aantoon, om te lewe tot eer van God en nie net tot voordeel van ons volk en land nie.** Wanneer iemand pleit vir behoud van die godsdienstige waarhede, wil ons dus nie vyandig staan daarteenoor nie. Laat my dus in dieselfde gees antwoord op 'n paar van sy besware; miskien verstaan ons mekaar dan beter.

Hierdie geleerde staan baie naby aan ons, want hy glo ook dat die ou stelsel 'n bron van ellende en verdrukking is, en dat daar 'n verandering moet kom. Hy is bereid om selfs die liberalistiese demokrasie te help begrawe. Maar hy is bang vir die woord gesagstaat wat die O.B. gebruik. Hy sê ons moet ons liewer hou aan ou terme soos Christelike Boererepubliek, waarvan hy sê dat „so 'n staat is 'n gesagstaat en sy leierskap kan nie anders nie as verantwoordelike leierskap wees nie." **Hieruit blyk dus duidelik dat hy geen beswaar het teen die begrip „gesagstaat" nie, maar net teen die woord.** Hy meen ons moet liewer teen die valse demokrasie te velde trek en daarteenoor die ware demokrasie stel. Die O.B. wil nie oor 'n woord veg nie, en as die woord „ware demokrasie" nuttiger sou wees, sou ons geen beswaar daarteen hê nie, **want die gesagstaat wat ons nastreef, is 'n ware volksregering. Dit wil die HELE volk organiseer tot samewerking op staatkundige gebied, en nie net 'n DEEL of PARTY soos die huidige demokrasie doen, wat dan alle ander volkskragte uitsluit van die regering nie.**

**SLANG EN SLANG**

Maar ons kyk die werklikheid in die oë, en ons besef dat jy nie dieselfde woord wat 'n ou begrip aandui kan gebruik om 'n nuwe begrip aan te dui nie. Laat ons 'n voorbeeld neem. As jou seuntjie deur 'n slang gebyt is, sal hy 'n geweldige afkeer in alle soorte slange hê. Dit sal jou niks baat om vir hom te sê hy kan maar met 'n molslang speel wat nie giftig is nie. Die woord slang is genoeg om hom op loop te jaag. En as jy lank aanhou met jou slang-gedoente sal hy alle vertroue in jou verloor. Of as jy nou vir hom 'n hondjie present gee en jy sê dis ook 'n slang, maar net 'n goeie slang, sal hy baie wild wees vir daardie presentjie, **want die naam laat hom dink aan die ding wat hom gebyt het.**

Net so is dit met 'n volk. As die volk sat is vir die demokrasie wat hom aan uitbuiting en vertrapping blootgestel het, kan jy nie vir hom sê die nuwe wat jy vir hom wil bring heet ook maar demokrasie nie. Die volksmassa sal daar niks van begryp nie, en die assosiasie wat die woord skep, sal ondraaglik wees. Geen leier sal die volk op die manier agter hom kry nie.

**Maar as ons nou almal saamstem oor die inhoud van die staat, naamlik dat daar gesag moet wees in plaas van die huidige losbandigheid wat sowel die vryheid van die wolf as van die skaap waarborg, en dat daar samewerking tussen alle lede van die volk moet wees in plaas van die konstitusionele burgeroorlog wat die politieke partye teen mekaar voer, laat ons dan almal ons kragte by die Volksbeweging inwerp en self toesien dat die godsdienstige beginsels van ons volk gehandhaaf bly in die nuwe staat.** Die O.B. se eed of gelofte sluit ook handhawing van die godsdiens van ons vadere in. Elkeen binne die Beweging het dus die reg en plig om hom te beywer vir die uitvoering van daardie gelofte deur die Beweging. **Maar wat meer is, die volksbeweging kan geen volksbeweging wees as hy nie die gees en beginsels van die Afrikanervolk uitleef en toepas nie; en 'n eenheidstaat wat rus op die ganse volk, is baie meer afhanklik van die goeie wil en samewerking van die volk as 'n politieke party wat vir sy bewind afhanklik is van die stemme van 'n bonte kiesersmassa wat kleurlinge, Jode en wat nie nog nie insluit.**

# Politici Wil Na Oorlog Maar Weer Demokrasie Speel

## Vyfjaarlikse Getwis Moet Voortduur

**Die feit dat die H.N.P.-leiers nie bereid is om 'n verandering in die demokratiese regeringstelsel teweeg te bring nie, word breed onderstreep in 'n hoofartikel van Die Burger van 14 September onder die opskrif „Twee Weë". Die blad verklaar dat die toekomstige verkiesing nie 'n keuse tussen demokrasie en gesagstaat sal wees nie, maar bloot of dit die Verenigde Party dan wel die H.N.P. sal wees wat sal regeer.**

**Die blad doen die volgende verklarings waaruit die politici se onwil om 'n radikale verandering teweeg te bring, duidelik blyk:**

„In die dae toe dit gelyk het of die Duitsers onoorwinlik is en toe selfs Churchill van die moontlikheid melding gemaak het dat die Britse eilande ingeneem kan word, het ons leiers gekry van bewegings wat verkondig het dat demokrasie uitgedien is, partye moet verdwyn, en 'n „gesagstaat" in Suid-Afrika geskep moet word. **So 'n revolusie sou klaarblyklik alleen met behulp van die Duitsers kan geskied . . .**

„Sake het anders geloop as wat hulle gemeen het . Ook adv. Pirow verklaar tans dat die oorlog gewen is, nie deur die Duitsers nie, maar deur die Geallieerdes. **Daarmee verdwyn ook alle moontlikheid vir daardie leiers om, altans vir baie jare, in Suid-Afrika 'n diktatuur of „gesagstaat" ingevoer te sien. Instede daarvan sal daar na die oorlog andermaal 'n demokratiese algemene verkiesing gehou word. En daardie verkiesing sal nie gaan oor die vraag diktatuur of parlementêre stelsel nie. Dit sal gaan oor die vraag of die Verenigde Party langer aan die bewind sal bly dan of hy deur die H.N.P. vervang sal word."**

Verder verklaar die blad dat die anti-demokratiese leiers „weet dat, om in hierdie veranderde omstandighede **voort te gaan met die strewe na 'n gesagstaat en die vernietiging van alle partye,** is om die nasionaal-voelende Afrikaners verdeeld te hou."

Ons kan net hierop sê dat die **nimmereindigende keuse tussen regering en opposisie die bron van verdeeldheid tussen Afrikaners is.** Daarom wil die Ossewabrandwag ook die verkiesing gebruik nie om tussen politieke partye te laat kies nie, **maar om die parlementêre stelsel te vernietig.** Vir die O.B. sal die keuse by 'n aanstaande verkiesing nie wees tussen Sy Majesteit se Regering en Sy Majesteit se Opposisie nie, **maar tussen parlementêre demokrasie en nasionale gesagstaat.**

## DEMOKRASIE VEG VIR KOMMUNISME

Kort na die besetting van Parys deur die Amerikaners is van Geallieerde kant aangekondig dat die groot probleem nou is om die Franse „patriotte" wat teen die Duitsers opgestaan het, weer te ontwapen en onder dissipline te bring. 'n Ander berig het gelui dat die optrede van die opstandelinge baie buitensporig was, en 'n bevel is uitgevaardig dat mense wat met die Duitsers gesimpatiseer het, voortaan net in die tronk gegooi moet word en nie mishandel mag word nie. Hoever hierdie „Geallieerde bevel" invloed sal uitoefen in 'n tyd wanneer die grootste probleem nog is om die opstandelinge onder dissipline te bring, kan aan die verbeelding oorgelaat word. Maar dit is belangwekkend om in The Guardian die volgende beriggie te lees: **„Die kommunistiese leiers het 'n groot rol gespeel in die weerstandbeweging (in Frankryk) . . . 'n Groot deel van die dryfkrag van die Franse magte van die binneland kom uit die geledere van die uiterste sosialiste en kommuniste . . . die Kommunistiese koerant L'Humanité is in die strate verkoop met die hooflynopskrif: „Laat die Verraaiers Sterf!" en die volgende dag het hy verskyn met 'n oproep: „Na die Verskansings!"**

En verlede week berig die Britse nuusdiens dat genl. De Gaulle sy kabinet so gewysig het dat Bidault, leier van die weerstandsbeweging, 'n plek daarin gekry het. **Volgens United Press sal genl. De Gaulle se gereorganiseerde kabinet groter verteenwoordiging aan die Franse weerstandsmagte gee, en dus aan die kommuniste.**

**Net soos Italië bewys ook Frankryk dat 'n demokratiese oorwinning die vestiging van die kommunisme beteken. Dit geld ook vir die demokratiese partye in S.A. met hul stryd teen die O.B.**

## POLITIEKE PARTYE NIE IN LANDSBELANG

### Burgemeester se Oordeel

**„Ek glo dat politieke partye nie in belang van die land is nie en dat hulle hul nuttigheid lankal ontgroei het", het die Burgemeester van Kaapstad, mnr. E. G. Nyman, verlede week op 'n vergadering verklaar.** Hy het gesê dat hulle in die stadsraad gesien het hoe politieke partye die werk in die wiele ry — lede vermors tyd deur vir die openbare galery en die pers te praat terwille van publisiteit, en dien mosies in wat geen hoop op aanname het nie, net om propaganda te maak. **„Dit is 'n ondiens aan die stad wanneer lede nie in die komiteekamer of raadsaal kan sit en op die meriete van 'n saak besluit nie, maar op partylyne verdeel is," het hy gesê.**

LUCERN en AARTAPPELS
STUUR U PRODUKTE AAN
UNIE PRODUKTE AGENTSKAP
Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN
Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.


Oefeninge
vir
GESONDHEID
VERSLANKING
en 'n
MOOI POSTUUR
Geen Drastiese Metodes
Skryf aan:
VENUS
Posbus 9033 Johannesburg

## WYLE OOM JAPIE HUGO

Mnr. J. P. P. Hugo (oom Japie) van Worcester, vader van Möller Hugo wat nou reeds vyf jaar lank in die gevangenis is na veroordeling tot lewenslange opsluiting, is op 20 Augustus ll. in sy vyf-en-sewentigste jaar oorlede. Oom Japie was alom bekend en bemind en as persoonlike vriend van dr. Van Rensburg is hy gereeld deur die K.G. by geleentheid van sy reis deur Worcester besoek. O.B.-funksies is ook dikwels deur hom met gebed geopen of gesluit. Sy groot begeerte was om sy seun weer eendag vry te sien. Laasgenoemde het 'n treffende brief van bemoediging aan sy moeder van uit die tronksel geskryf.

Kort voor sy dood het wyle oom Japie aan sy eggenote gesê dat dit sy wens is dat hulle 'n gereelde bydrae van £1 maandeliks aan die Noodhulpfonds sal gee. Mev. Hugo het beloof om dit te doen.

## OORSPRONKLIKE PLAN

Die jongste dogtertjie van mnr. Koos van Vuuren, Swartwater, Potgietersrust, het groot oorspronklikheid aan die dag gelê met 8 Augustusviering. Sy het sestien pannekoekies gebak so groot soos 'n halfkroon.

Elkeen wat dit wou sien moes 3d. betaal. Daarmee is opgebring 3s. 1d., waarna dit verkoop is vir £1-8-0; dus was die opbrengs van haar pannekoekies £1-11-1. Hierdie flukse dogter is ongeveer 10 jaar oud.

## DEMOKRASIE IN AKSIE

Presies 'n jaar nadat min. Harry Lawrence aangekondig het dat die Regering besluit het om 30,000 huise „in die loop van die volgende twaalf maande" te bou, kondig die regeringspers aan dat daar eenstemmigheid bereik is oor nasionale behuisingskemas tussen die Nasionale Behuising- en plannekommissie en die aksiekomitee van die Verenigde Munisipale Bestuur.

**Die berig voeg by dat dit die SEWENDE vergadering tussen die stadsrade en die regeringsbeamptes was om „geldelike reëlings te bespreek waaronder plaaslike owerhede behuisingsplanne sal uitvoer."**

Na 'n volle jaar is die praatstadium darem nou so ver gevorder dat daar eentsemmigheid bereik is oor die geldelike reëlings. Intussen egter het die vereniging van argitekte beswaar gemaak omdat hulle nie oor die opstel van die planne genader is nie. **Ons kan dus aanneem dat daar oor nog 'n jaar miskien darem eenstemmigheid bereik sal wees oor hoe die planne daar sal uitsien, d.w.s. as die regeringsinstansies dit moontlik sal vind om ook die sewe vergaderings met die argitekte binne 'n jaar agter die rug te kry.**

Die demokrasie haas hom langsaam!

Intussen is daar, volgens die Direkteur van Nasionale Behuising, 150,000 huise onmiddellik nodig net om agterbuurtes op te ruim — en nie 15,000 soos 'n drukfout in ons vorige uitgawe die regering tegemoet gekom het nie.

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
KOOP NOU!
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars
(Eiendoms.) Beperk,
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

DIE O.B., WOENSDAG, 20 SEPT. '44.

## Ons Bring Hulde

Sedert sy begin het die Ossewabrandwag daarteen gewaak om nie persone op die voorgrond te stoot nie, maar beginsels en ideale, want getrou aan ons Boeretradisie glo ons dat die mens nooit meer as 'n instrument in Hoër Hand kan wees nie. Dit verhinder egter nie dat ons by geleentheid van die herdenking van ons twee leiers se geboortedae hierdie maand, ook dankbare hulde aan hulle wil bring vir die groot werk wat hulle in belang van ons Beweging en volk gedoen het nie. Na byna ses jaar van stryd teen 'n oormag kan daar sonder voorbehoud gekonstateer word dat die Ossewabrandwag nie net 'n roeping gaan vervul nie, maar dat hy dit reeds gedoen het. **Op 'n tydstip van maatskaplike en staatkundige ontbinding het die Ossewabrandwag deur sy positiewe propagering en uitlewing van 'n nuwe, hoewel nie vreemde, lewensbeskouing verhoed dat ons volk allerhande strominge ten slagoffer val. Gegrond op sy eie Boerestelsel het hy die anker gevorm waaraan ons volk kon vasklem toe ou lewensvorme en -opvattings hul houvas op die volk begin verloor het.**

In hierdie geldingsproses het ons twee leiers, die Kommandant- en Adjunk-kommandant-generaal, 'n rol gespeel wat eers in later jare ten volle waardeer sal kan word. Met sy sterk sin vir werklikheid en sy heldere vertolking van die nuwe sosiale gedagte, gepaard met 'n onblusbare ywer, was ons Kommandant-generaal by uitstek die herout van die nuwe toekoms. Op kritieke oomblikke, wanneer die vyande van die Beweging hul strikke gespan het, het die K.G. steeds die regte leiding gegee — **nie omdat hy geslepe genoeg daarvoor was nie, maar omdat hy die eerlike vertolker is van 'n idee wat onaantasbaar is weens sy natuurlikheid.**

Langs hom het gestaan ons Adjunk-K.G., wat as oudstryder die band gevorm het tussen die oue en die nuwe. Selfloos het hy hom toegewy aan die nuwe, met toevoeging daarby van die goeie uit die verlede. **Deur sy sorgsame huishouding as organisasieleier was die Ossewabrandwag bestand teen die felste aanslae van die vyand, en weens sy vaderlike voorsorg kon die Beweging sy eie blad uitgee toe alle andere kanale vir hom gesluit geword het.**

Aan hierdie twee leiers wat mekaar so treffend aanvul, wil ons dan ons hulde bring. Mag hulle in die nuwe lewensjaar besieling vind uit hul arbeid, en as dit die wil van God mag wees dat hulle ons volk ook in sy nuwe bedeling sal lei, bid ons hulle toe die wysheid en krag wat Hy as Opperste Leidsman alleen kan skenk. Mag hulle dan gespaar bly om nog eendag die hulde van hul ganse volk te ontvang.

## O.B. Sal Moet

In sy kommentaar oor die nederlaag van die H.N.P. met die tussenverkiesing in Germiston-distrik waar die party met 815 stemme agteruit geboer het, betoog Die Volksblad dat dit blykbaar toegeskryf moet word aan die feit dat die mense nie wou stem nie weens die ,,verdelende" invloed van die Ossewabrandwag. Die blad verwys na 'n uitlating van min. Harry Lawrence dat die regering mense soos adv. Pirow en dr. Van Rensburg nie geïnterneer het nie omdat dit die opposisiekragte sou verenig het, en sê dat dit die sleutel vorm ,,tot hierdie slapheid". **Die blad vergeet net om by te voeg dat indien dr. Van Rensburg geïnterneer sou geword het, dit die H.N.P.-leuen dat die O.B.-leiers met die Regering skakel waarmee die volk verdeel is, aan die kaak sou gestel het, met die gevolg dat daar weer eenheid sou kom binne die O.B.** Die eenheid van die volk is vernietig deur dr. Malan se verdagmakery en ultimatums toe hy 300,000 O.B.-lede opgeroep het tot onderlinge stryd en uitwissing.

'n Maand voor die tussenverkiesing het dr. Malan vir die tweede maal aangekondig dat hy alle O.B.-lede uit sy party gaan skop. Hy wil geen O.B.-lede in sy party hê nie, want, so sê hy, hulle is rampokkers en medeskuldig aan 'n aanranding op 'n sekere politikus in verband waarmee 'n posbeampte tans tereg staan. Hoe kan dr. Malan dan verwag dat O.B.-ondersteuners nog vir hom moet gaan stem? — hy dryf hulle dan van hom af weg! Om dan nog die oorsaak van die nederlaag te gaan soek by uitlatings van die woordryke Harry Lawrence, openbaar op sy minste daardie gebrek aan werklikheidsin waarvoor die H.N.P.-leiding reeds befaamdheid verwerf het. **Verwag hierdie mense regtig dat hulle 'n groot deel van die volk — so groot dat hulle self erken dat hulle 'n verkiesing verloor sonder hul steun — kan wegjaag met allerhande benamings en beskuldigings en dat daardie mense dan nog vir hulle moet stem?**

As niks anders die aankondiging van die O.B. om self 'n verkiesingsfront by 'n aanstaande verkiesing te skep, regverdig nie, doen hierdie optrede dit. **Dit behoort vir elkeen nou duidelik te word dat dr. Malan en sy groepie politici geen kans het op 'n oorwinning by 'n stembus nie. Die volk sal die slag van die stembus moet voer onder leiding van 'n organisasie wat eenheid soek en nie eensaamheid nie.**

# Die Oorlog en sy Nasleep

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Daar is in die laaste artikel op die waarskynlikheid gewys dat die sesde oorlogswinter aan die volke en regerings van Europa besonder hoë eise gaan stel. Die diepgaande ontwrigtings van die oorlog sal veral gedurende die komende winter die besettings of bevrydingsmagte voor moelike vraagstukke stel. Hierdie vraagstukke sal hul oorsprong hoofsaaklik in die hongerende en bibberende bevolkings van die Europese stede vind. Dit sal ooroptimisties wees om te verwag dat hierdie bevolkings genoegsame voedsel- en steenkoolvoorrade uit Amerika en Brittanje sal ontvang. Hierdie twee „bevryders" sit self opgeskeep met steenkoolvraagstukke; en wat die voedselvoorsiening betref, het die Brit sy lyfband al so nou getrek, dat van hom in elk geval nie groot kosvoorrade verwag kan word nie. Die huidige voedselvoorsiening in Suid-Afrika, 'n oorskotland, met al sy beheerrade, swart markte, woekerwinste en spekulante van allerlei slag, mag 'n floue denkbeeld gee van toestande in die „bevryde" Europese lande wat soveel nader aan die wêreldbrand sit en wat reeds die vreeslikhede van vyf jaar van oorlog aan eie lyf gevoel het en nog voel.

### CHAOS EN ANARGISME?

Onder hierdie omstandighede is dit glad nie uitgeslote dat die hongerende en bibberende stedelinge in Wes-Europa, d.w.s. die oorgrote meerderheid van die bevolkings, op die vooraand van chaos en anargisme staan nie. Die vloedgolf van werkeloosheid, as gevolg van die ontwrigting wat die oorlog ook op nywerheidsgebied veroorsaak het, kan nie anders as chaotiese en anargistiese toestande in die hand werk nie al sou 'n deel van die arbeidslose elemente ook vir heropbouwerk aangewend word.

Die vraag mag dus gestel word: Wat gaan die hongerende, bibberende en arbeidslose elemente in Italië, Frankryk en België se houding wees? Sal die drie sogenaamde „demokratiese vryhede" van vrees, spraak en godsdiens hul tevrede stel as hulle honger en koue moet ly en arbeidsloos moet wees? Sal hulle troos vind in die „demokratiese vryhede" van 'n Roosevelt en Churchill wat selfs in vredestye nie daarin geslaag het om gebrek en leed van miljoene van hul eie arbeidslose onderdane weg te hou nie? Of sal hierdie elemente troos soek in die kommunistiese leerstellings van 'n Marx en 'n Lenin waarvolgens eiendom diefstal en godsdiens opium vir die massas is?

### OF KOMMUNISME?

Niemand sal dit kan betwis dat mense wat honger en gebrek ly die vatbaarste is vir revolusionêre idees. Dit was honger wat aan die groot Franse revolusie sy radikale wending gegee het. Dit was honger en gebrek wat revolusionêre idees na die laaste wêreldoorlog so welig laat groei het in Sentraal-Europa en veral in Rusland. Op die oomblik lyk dit of veral Wes-Europa die vrugbare bodem vir revolusionêre idees gaan wees. Net so min soos die revolusionêre idees van die Franse revolusie tot Frankryk beperk gebly het, net so min gaan die revolusionêre idees van vandag tot Europa beperk bly. In 'n totale alles-ontwrigtende wêreldoorlog sal dit nie help om Maginot- en Siegfriedlinies teen revolusionêre idees op te rig nie. Selfs die Britse Kanaal en die Atlantiese Oseaan kan hierdie idees nie keer nie.

Die revolusionêre idees wat ek hier in gedagte het is nie dié van Nasionaal-Sosialisme of enige ander vorm van Sosialisme nie, ook nie dié van die salon-kommuniste nie, maar die revolusionêre idees van die realistiese en radikale kommunisme soos hy in Rusland praktiese toepassing gevind het.

Die gebeurtenisse in die „bevryde" lande spreek reeds 'n duidelike taal. Dit is nie die vier „demokratiese vryhede" van Roosevelt en Churchill wat geesdrif onder die massas van Frankryk, Italië en België gaan wek nie, maar die Rooi vlag en die Hamer en Sekel van Moskou. Die geteisterde wêreld, die man en vrou wat hul alles in die oorlog verloor het, wil iets nuuts hê, iets wat volgens hul mening alleen kommunisme kan bied. Vir die massas wat gebrek en leed aan eie lyf voel, besit die ou troos-woorde van die vier „demokratiese vryhede" wat uit die sogenaamde kapitalistiese demokrasië kom, geen inspirasie nie. Hierdie nuus is te oud en in die voor-oorlogse wêreld het hulle dit te goed geken. Die massas gaan aan kommunisme 'n kans gee.

Dit is dus geen wonder dat voerende persoonlikhede in die Westerse wêreld onrustig begin word nie. Tydens sy jongste besoek aan Italië het Churchill 'n redevoering aan die Italiaanse volk gerig wat 'n onmiskenbare waarskuwing teen kommunisme bevat. Ook die Pous het in hierdie rigting gepraat toe hy onlangs die onskendbaarheid van private besit beklemtoon het. As die Londense Times reg het dan gaan die Pous eersdaags weer 'n toespraak oor kommunisme hou.

Wat die waarskynlikheid van 'n kommunistiese revolusie des te groter maak is die feit dat dit aan 'n seëvierende en magtige Rusland gekoppel word. Die volgende keer meer hieroor.

## GEÏNTERNEERDE VAN SY GROND GESKOP

'n Nedersetter, mnr. J. H. Meiring van Brits, is enige dae gelede deur die Minister van Lande van sy grond af gesit omdat hy dit tydens die tydperk wat hy geïnterneer was, nie bewoon het soos deur die wet op nedersettings vereis word nie. Mnr. Meiring het hom voor die hof probeer verdedig, maar hy kon nie by die woorde van die wet verby kom nie — hy was afwesig van sy hoewe, en gevolglik het hy die vonnis met koste van die geding aanvaar.

**Deur die regering is hom 'n stuk grond toegeken op voorwaarde dat hy dit bewoon. Deur die regering word hy daarna sonder aanklag van die grond ontvoer en deur die regering word sy grond hom dan weer ontneem omdat hy dit nie bewoon nie! En dan sê politici die O.B. moet dood sodat hierdie soort demokrasie kan lewe!**

## Op Helpmekaar

Ons korrespondent vestig die aandag daarop dat genle. mev. T. Steenkamp se naam per abuis uitgelaat is in ons berig oor die O.B. dagfunksie te Helpmekaar. Sy het 'n besielende toespraak gelewer.


## O.B.-SKRYFBLOKKE

**met 2 pakkies bypassende koeverte.**

DIE BESTE GEHALTE VOOR-OORLOGSE PAPIER.

**3/6** posvry.

KONTANT MET BESTELLING.

**Bestel deur:**

**Gebiedshoofkwartier**

**Kamer 603, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**

## KERSFEESKAARTJIES

*Kersfees en Nuwejaar kom! Bestel nou!*

Pragtigste versameling ooit aangebied.

Prys 6/- per dosyn posvry.

**Kontant by bestelling.**

*Alleen die Boerejeug-hoofkwartier is vanjaar deur die Organisasieleier gemagtig om kerskaartjies te versprei.*

**Bestel regstreeks deur**

**Die Boerejeug, Posbus 5754, Spoorbondgebou, JOHANNESBURG.**


# VERGADERING!!

'n Voorreg vir die Afrikaners van

*DIE RAND*

*die*

**ADJUNK-KOMMAN DANT-GENERAAL**

(MNR. J. A. SMITH)

spreek u toe te

*GELDENHUYS PARK, MELLVILLE TREMTERMINUS*

op

SATERDAG 30 SEPTEMBER, om 8-uur n.m.

# Volksbeweging 'n Boereskepping

## Eerste Verwerping Daarvan Lei Tot Anneksasie deur 24 Britse Polisie

In die stryd om die ordes wat ons vandag beleef is daar 'n duidelike drang om ons volk tot sy eie terug te laat keer, en om alles te laat vaar wat volksvreemd is. Veral word daar gewaarsku teen die nuwighede wat dan volksvreemd sou wees.

So het die volksbewegings-gedagte ook onder die soeklig gekom en daar word gemeen dat hierdie gedagte soos dit tans in ons land gepropageer word, werklik iets nuuts is.

**Daarteenoor wil ons nou beslis stel dat die volksbewegings-gedagte niks nuuts is nie, maar definitief al van tevore voorgekom het, en veral in ons land.**

Maar laat ons nou eers die saak 'n bietjie ondersoek. Waaruit bestaan die volksbewegings-gedagte? **'n Volksbeweging is die saamvatting van die volk of in elk geval die mees aktiewe deel daarvan, in een organisasie wat dan op alle gebiede optree en sy invloed laat geld.** In ons land neem die organisasie, wat sy uiterlike betref, die vorm aan van 'n **kommando-stelsel.** Maar dis niks nuuts nie. Dit is tog bekend hoe in die begin van die vorige eeu die Boere as 'n reaksie teen die liberalisme (in hierdie geval die Brits-liberalistiese naturellepolitiek) hulleself georganiseer het in 'n volksbeweging onder die leiding van sulke manne soos Piet Retief en Andries Pretorius. Hierdie volksbeweging het later ontwikkel in die Groot Trek. Die feit dat die mense in waens gery het, verander nog glad nie die gedagte nie. **Dit is naamlik die gedagte van 'n hele volk georganiseer in een volksbeweging onder die leiding van een Kommandant-generaal, soos bv. Andries Pretorius. Ja werklik — selfs die range is niks nuuts nie. Ons lees van 'n Hoofkommandant Hendrik Potgieter en van 'n Kommandant-generaal Andries Pretorius! Mooier en meer inheemse benamings is daar nie.**

**Ook is dit duidelik dat so 'n hoofkommanant of komdmandant-generaal nie net die militêre offisier was nie. Nee die kommandant-generaal was die leidsman op elke terrein. Hy was soos 'n vader oor die ganse laer en in 'n posisie van gesag.** Hy is bygestaan deur sy kommandante en veldkornette wat ook weer op hul beurt in 'n gesagsposisie was — elk in sy eie groep. Dit was hoe ons volk georganiseer was in die tyd van die Groot Trek — 'n volksbeweging onder gesag van die Kommandant-generaal.

**DEMOKRASIE**

Maar tog, reeds die Voortrekkers het geleef in 'n demokratiese eeu, en hierdie vreemde demokratiese invloede van oor see het spoedig in botsing gekom met ons eie Boerestelsel soos hierbo uiteengesit. Ons merk al dadelik met die stigting van die Republiek Natalia dat daar moeilikheid was. Die 18e eeuse liberalis Jan Brand het nl. vir die Republiek 'n demokratiese konstitusie opgestel — **'n konstitusie wat die produk was van sy vreemde liberalistiese opvoeding en nie van die Boere volkstradisie nie.** Dit lei ook tot wrywing tussen die ingevoerde konstitusie met sy demokratiese sisteem aan die een kant en die Boere-kommando-volksorganisasie aan die ander kant. En hierdie tipe van botsing tussen ons volkseie en die vreemde kom meermale in ons geskiedenis voor.

Ook in die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) was die Boerevolk op geen ander manier georganiseer nie as doodeenvoudig net die kommando-stesel van Kommandant-generaal tot onder by korporaal. **Die President is deur die volk gekies, maar deur die volksbeweging verskaf.**

Die eerste president nadat die Republiek deur die volksbeweging tot stand gebring is en dit 'n vaste vorm aangeneem het, was Marthinus Wessel Pretorius. Hy was president, en terselfdertyd leier van die volksbeweging. Onder hom was dan die kommandant-generaal wat dan meer belas was met die organisasie van die volksbeweging self en dan meer in besonder die militêre sy daarvan. So was die toestand min of meer.

**NET SOOS VANDAG**

Toe Marthinus Pretorius die dag aftree, sou dit seker die verstandigste ding vir die Boere gewees het om weer hulle president vanuit die volksbeweging te kry — 'n volksbeweging met manne soos Paul Kruger en Piet Joubert aan die spits. **Ongelukkig egter kry hulle toe iemand van buite, nl. Thomas Francois Burgers — 'n liberalistiese Kaapse predikant.**

Die posisie was nou so: aan die een kant Burgers, aan die ander kant die Kommandant-generaal Paul Kruger. **Die geskiedenis is welbekend — hoe daar wrywing ontstaan het met die liberalistiese president aan die een kant en die Boere-kommando's aan die ander kant. Binne weinige jare het dit tot so'n chaos gelei dat die Dorslandtrek gevolg het, Sekoekoenie nie verslaan kon word nie — dat Burgers self wou kommandant-generaal speel en op die ou end is die volk tot so 'n mate van magteloosheid gebring dat Shepstone die land met 24 Natalse polisie kon annekseer.** En die Boere het onder die leiding gestaan van 'n liberalistiese Kaapse predikant — iemand wat vreemd teenoor die Boere-volksbeweging gestaan het. Inderdaad 'n droewige prentjie van lamheid en magteloosheid — 'n prentjie wat ons vandag ook maar te duidelik ken.

Maar die geskiedenis het darem gelukkig nie daarby gebly nie. Burgers was weg en die Boerevolk kon weer in beweging kom sonder 'n liberalistiese stok in sy wiele.

U ken die geskiedenis — hoe die volk weer verenigd gaan staan het by Paardekraal — hoe die volk self weer tot sy eie teruggekeer het en opgeruk het onder die Boeregeneraals. **En weer het die volksbeweging die republiek tot stand gebring. Hierdie keer met 'n Majuba! En die vorige Kommandant-generaal Paul Kruger was toe president.** En in die staat wat toe gevolg het, het die Boere ook maar weer, behalwe hulle kerk, net een ding geken — hul kommandante en veldkornette wat op alle terreine opgetree het. **Ander organisasies was daar nie — om die eenvoudige rede dat dit oorbodig sou wees. Die Boere-kommando's was 'n volksorganisasie wat op alle terreine opgetree het.**

(Slot volg.)

# O.B. - DAG VIERINGS

Onderstaande verdere berigte omtrent die viering van O.B.-dag is ontvang:

**Vryburg** en die kommando's C. R. de Wet het saam met die Boerejeug £400 ingebring.

**Waterpan (Vryburg)** het op 12 Aug. ten huise van veldkt. Gawie du Plessis, Blomhoek, bymekaar gekom om te offer, en die mooi bedrag van £100 is ingesamel vergeleke met £27 verlede jaar.

As sprekers het opgetree senator Naas Raubenheimer, genl. P. Grobbelaar en hoofkomdt. W. Jordaan.

**Reitz.**—Die eerste insameling van hierdie kommando het geskied op 21 Maart 1944, toe 'n gesamentlike O.B.-dag- en Noodhulp-funksie gehou is. Die opbrengs was £192-15-6, en met die insameling op 8 Augustus is £184 ingebring. Hierdie kommando het dus vanjaar tesame met bydrae tot die Noodhulpfonds £254 ingesamel. Verlede jaar se insameling was £123.

**Frankfort** het sy funksie op 8 Aug. gehou, wat deur eerw. J. H. Robbertze met gebed geopen is. Die opkoms was goed, en £100 is ingesamel, wat meer is as wat nog ooit op Frankfort gemaak is. In 1941 is met die massa maar £77 gehaal. Die aand het die K.G. 'n vergadering in die stadsaal toegespreek. Die saal was stampvol.

**Memel** het op 10 Augustus hul funksie gehou. By hierdie geleentheid was die K.G. en genl. Odendaal teenwoordig. Hulle was deur 'n perde-kommando van 43 mans omtrent 2 myl uit die dorp ingewag. Die K.G. het die Brandwagte toegespreek. Die opkoms was nie groot nie, min of meer 150 in getal. Ons kry eerder meer inskrywings van lede as wat daar bedank het.

**Marquard.**—'n Optog met die Ossewa deur die strate onder die sing van volksliedere en orkesmusiek het die verrigtinge voorafgegaan. Genl. Japie van der Merwe, asst.hfkomdte. mev. Van der Merwe en hfkomdt. Radloff het elkeen 'n besielende boodskap gelewer, terwyl die O.B.-koor die verrigtinge met sang en musiek opgeluister het. Die basaar was van baie hoë gehalte en die mooi bedrag van £100 is geïn — byna die helfte meer as verlede jaar.

**Heidelberg** (Tvl.) het op 5 Augustus O.B.-dag gevier by wyse van 'n funksie wat in die stadsaal gehou is. Hfkomdte. Röscher het die gehoor op 'n inspirerende wyse toegespreek. Die geesdrif en offervaardigheid was groter as ooit tevore en die mooi bedrag van £129-3-6 (wins) is opgelewer.

**Zeerust** het O.B.-dag op twee verskillende plekke gevier, nl. op Vergenoeg, die plaas van een van die baasverkenners van ons Vryheidsoorlog, nl. oom Jan Viljoen, onder die bekwame leiding van veldkt. en veldkte. Petrus Kirstein. Die ander funk-

Vervolg op bls. 6, kol. 4.




NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando -SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2275

U SAL HOU VAN ONS . . .

- Jasse
- Snyers-Baadjiepakke
- Wolbaadjies
- Velthoede

Steyns

Parow se Moderne DAMESMODISTE

Voortrekkerweg — PAROW

SASBANK

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

WORD INTEKENAAR OP

*Die Ossewareeks*

*REEDS VERSKYN :*

1. Terug na die God van ons Vaders. Prys 1/- posvry. Deur Dr. J. D. Kestell.
2. Die Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding. Prys 1/3 posvry. Deur Prof. Dr. J. Chris Coetzee.
3. Die Christelike Huisgesin. Prys 1/9 posvry. Deur Ds. D. F. Erasmus.
4. Ons en ons Kinders. Prys 1/9 posvry. Deur Prof. Dr. J. Chris Coetzee.
5. Paul Kruger. Prys 4/6 posvry. Deur Prof. Dr. F. Postma.
6. Jong Suid-Afrika. Prys 2/6 posvry. Deur J. H. Coetzee.
7. Instellings en Organisasies tot eer van God. Prys 1/6 posvry. Deur H. J. Strauss.

*Die Verkennerreeks*

is 'n nuwe reeks Christelik-Wetenskaplike boeke wat dadelik die aandag pak en rigting gee. Wees op hoogte met gebeurtenisse van die tyd en teken in op hierdie reeks:

REEDS VERSKYN:

1. DIE BYBEL IS DIE WOORD VAN GOD. Deur Prof. Dr. J. D. du Toit. (Prys 1/9 Posvry)
2. DIE MODERNE STAAT. Deur Prof. L. J. du Plessis. (Prys 2/6 Posvry)
3. DIE GROND VAN DIE SEDELIKE. Deur Prof. Dr. H. G. Stoker. (Prys 2/6 Posvry)
4. INLEIDING TOT DIE EMPIRIESE OPVOEDKUNDE. Deur Dr. J. Chris. Coetzee. (Prys 5/6 Posvry)
5. INLEIDING TOT DIE ALGEMENE REGSLEER OF JURISPRUDENSIE. Deur Prof. L. J. du Plessis. (Prys 3/- Posvry)
6. KERK EN VERBOND. Deur Dr. P. J. S. De Klerk. (Prys 2/6 Posvry)

Ander Dele Volg.

Bestel van

Pro Ecclesia-Drukkery, (Edms.) Bpk.

DIE LAAN, - - - - - STELLENBOSCH.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

**VAN DER MERWE.** — Aan mnr. en mev. F. J. van der Merwe, Uitkyk, Moerasvlei, Ceres, 'n lief O.B.-seuntjie op 17 Augustus. Naas ons Goeie Gewer dank aan dokter en verpleegster.

### VERLOWING

**POSTMA—VAN NIEKERK:** Mnr. en mev. Mader van Niekerk van Prieska maak bekend dat hulle oudste dogter, Bettie, op 12 September verloof geraak het aan Johannes, oudste seun van prof. en mev. F. Postma.

### DOODBERIG

**UNGERER.** — Johanna Jacoba Ungerer, Kirkwood, onverwags oorlede op 28 Augustus. Die O.B. verloor in haar 'n geesdriftige Offisier. Sy is onmisbaar vir haar eggenoot en groot familie ,waarvan die jongste 7 maande is.

**RALL.** — Sersante Anna Rall oorlede in diens van haar volk op O.B.-Funksie op 26 Aug. 1944. Waar werk gedoen moes word was sy altyd op diens! Ons innige simpatie met eggenoot en kinders. **Van die Ermelo-Kommando's.**

**DU TOIT.** — Heengegaan op 18 September aan sy woning, Voortrekkerstraat, Jan Andries, in die ouderdom van 62 jaar. Diep betreur deur sy eggenote en kinders.

### DANKBETUIGING

Geagte hoofkommandante, kommandante, veldkornette, ass.-veldkte., sersante, korporaals, O.B.-wagte, brandwagte, Boerejeug, mans en vrouens, seuns en dogters van generaalskap C6 van harte wil ek u geluk wens met u groot sukses en kragdadige optrede. op 8 Augustus O.B.-dag met oor die £1,100. So'n ondernemingsgees en deursettingsvermoë vind 'n mens alleen in die O.B. met sy opregte kameraadskap.

U offervaardigheid sterk ons medebroers en susters in hulle swaar lyding.

Alles word gewaardeer. Marseer vasberade op die vryheidspad. Die eind-oorwinning is seker. Lank lewe die O.B.

U mede offisier.

H. A. J. du Toit.

### PERSOONLIK

**BARBICAN-ATELJEE.** — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. **Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6756.**

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

**DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.**—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

EXCELSIOR HAARSNYERS SALON. Sewe Haarsnyers in diens. Sigarette, Boeke, Skilderstukke ens. Ons herstel ook horlosies. **Volkskasgebou, Markstraat 76, Johannesburg. Eienaar J. J. Boshoff.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Bagson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

RAADPLEEG H. J. van Zyl, 12de Straat 85, Parkhurst vir die koop van 'n huis op die Rand en vir enige vorm van Assuransie.

### KORRESPONDENSIE GEVRA

JONG O.B. wens te korrespondeer met jong Afrikaner-dame (21 tot 31 jaar), moet beginselvas, christelik en O.B. gesind wees. Skryf aan P. R. de Beer, P.K. Soutpan, oor Bloemfontein.

### BETREKKING GEVRA

JONG Afrikaner-seun van 20 jaar soek 'n betrekking as voorman. Ondervinding van gesaaides en veeboerdery. Wil graag in veedistrik betrekking hê. Sober, eerlik en hardwerkend. Doen aansoek by X.Y.Z., Posbus 38, Pearston, K.P.

### BETREKKING VAKANT

AFGETREDE Speurder.—Aansoek word hiermee gedoen vir die dienste van 'n afgetrede Speurder, of 'n persoon met speurkennis, as hulp vir privaat speurdiens. Rig aanvrae aan: Posbus 380, Krugersdorp.

JONG Penkop, wat selfvertroue, eerlikheid en pligsbesef as leuse aanvaar, vir plaashulp. Skryf eerste instansie aan: A. J. Strydom, (oud kom. Barrydale), Posbus 57, Ventersburg, O.V.S.

### TE KOOP GEVRA

SUIG-GAS masjiene van omtrent 60 tot 90 p.k.; kompleet met gas produksietoestel. Moet in goeie werkende toestand wees. Meld prys en besonderhede aan. P. H. van Wyk, Posbus 7, Barkly-Wes.

### TE KOOP

BESTEL dadelik dagoud kuikens, Australorps en Leghorns. Ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Bestellings vol tot einde Augustus. Vanaf daardie datum 3,000 per week beskikbaar teen £6 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.**

BOEGOE. — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15&- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudtshoorn.**

BOERE sorg vir u eie pale. Plant Olienhoutboompies. Te koop teen 1/3 stuk. Olienhout-pale teen 5/- stuk; gelewer Aberdeenweg. Vir verdere besonderhede doen aansoek by: **J. P. J. Kruger, Geelfontein, Pos Aberdeen.**

**DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

DEKRIET.—Beroemde Albertinia en Riversdal dekriet 15/6 per 100 bos. V.O.S. Albertinia. Bestel dadelik by: **J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

KOOP u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike pryse. Gratis verpakking. Skryf om besonderhede. **Springbok-Meubels, Spencerweg 18, Sout Rivier.**

**MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

**MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

MELK en VLEIS.—Dunbar Rooi-poenskopstoetery bied geregistreerde en hoëgraad jong bulle aan. Almal kalwers van die ingevoerde top-stoetbul ,,Knepp Solicitor'' teen redelike pryse. Om verdere besonderhede en pryse skryf of besoek: **Enslin, Pos Gloria, Middelburg, Tvl.**

MOOI uitgespruite 6-maande rooigrond ranke kort litte, 7/- per sak van 80 lbs. gelewer Serpentine sylyn. K.M.B. **J. Gerber, P/sn., P. K. Hockwil, Dist. George.**

OPREGTE, Chantenay en Nantes Wortelsaad, 12/- per pond. 7/- per half pond. Beste Australiese Bruin Uiesaad 6/- per pond, 4/- per half pond, gesertifiseer. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Premier Saadkweker, ,,Rust en Vrede,'' P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

PATATRANKE. — Gewaarborgde sesmaande droëgrondpatatranke 7/- per sak van 80 lb. Kontant met bestelling. Vry gelewer op my stasie . **Johannes Terblanche, Glencoe, Bus 75, Mosselbaai.**

PATATRANKE. — 6 maande; spesiaal gegroei vir plant teen 7/- per sak. Meld u stasie. **S. P. Gerber, P/s. Serpentine, Dist. George.**

PATATRANKE. — Bestel Brandwag Patatranke. Sesmaande 7/- vir 83 pond. Borrie en wit 5/- vir 43 pond. Gelewer Serpentine Sylyn. K.M.B. **P. J. Gerber, (C. Sn.), Hockwill, George.**

PATATRANKE. — Sesmaande, volsak 7/-. Gesny vir plant per 1,000, 15/-. Tevredenheid gewaarborg. Kontant geen K.B.A. **J. H. Gerber, Privaatsak Serpentine, George.**

**Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

RAMME — Merino Stoetery. — Beperkte hoeveelheid Wanganella ramme beskikbaar. Groot karkasse en wol met uitstaande kwaliteit die kenmerke. Plaas bestellings vroegtydig. Pryse vanaf £5 vir kudde. **J. H. Moolman, Rusoord, Middelburg K.P. Foon 412.**

SPEELSKEIE. — Bottelskeie teen 3/9; Vierkantige koppe 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

### WYNE

5 GELLING Muskadel-Likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiings-masjinerie.**
**Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.**

## O.B.-NOODHULPFONDS

**BYDRAES DEUR GEBIEDE VANAF 25 JULIE TOT 25 AUGUSTUS 1944**

**Gebied ,,A''**

Kom. A: 2a7 £5-13-6; 14a1 £20-12-0; 4d7 en vriendinne £1-10-0; 1a8 £5-1-6; Veldskoenkring £1-1-6; 8b6 £5-8-0; Vriende, Muizenberg 5/-; Veldskoenkring £1-1-6; Vriend, Kaapstad £5; Vriendin, Kaapstad £1; Vriende, Bellville £2-10-0; Vriendin, Bellville 10/-; 10c8 £3-10-0; Vriende, Upington £19-2-6; Vriende, Upington £1-10-0; Vriende, Upington £2-12-6; Veldskoenkring 19/-; 12 £3-0-6; 10b6 £4-13-3; Mev. E. Botha 10/-; Vriend, Worcester 8/6; Theodore 4/-; Vriend, Calitzdorp £8-7-0; Vriendin, Ceres £12-5-0; 2b9 £2-9-0; 2b2 £5-1-0; 13c1 en 13c6 £15-1-0; Vriend, Kaapstad 5/-; 6b7 14/6; 4a1 £37; Stafoffisier £1; 1a8 £3-9-6; 2b8 £2-8-9; Veldskoenkring £2-5-0; 15b7 £2; 3a1 en 3a6 £13-7-11; 15c8 £9-10-0; 13a7 £4-1-6; 11b6 £4; 14a7 £1-2-6; Barrydale Kommando £16-19-0. Totaal £227-9-11.

**Gebied ,,B''**

Kom. B.: Motorossies 1a1 12/6; 5a7 £3-5-0; 5a £11-18-11; 7b6 £2-10-0; Motorossies 1a1 12/6; 7b1 £13-18-0; 3b1 en 3b6 £5-13-9; Generaalskap B7 £18-11-0; 6a2 en 6a7 £5. Totaal £62-1-8.

**Gebied ,,C''**

Kom. C: 1 £17-0-10; 1a1 6/-; 1a7 £20-10-0; 1a8 £7-17-0; 1a9 £2; 1b1 £2; 1b3 £2; 1b6 £5-5-0; 1b7 £2-7-6; 1b8 £6-15-0; 2a2 en 2a7 £3-1-0; 4a7 £6; 5d1 en 5d6 £3-2-6; 5b6 £10-0-8; 6a1 14/6; 6b6 £3-; 6d6 £1; 7b £6; 7a6 £5-7-0; 7c2 £1; 7c6 £1; 8b6 £1-10-0; 9b1 £4; 9b8 £1; 9c6 £10; 10a1 £3-18-10; 10a2 £4; 10a7 £1-17-6; C11 £20-13-9; Hoofkwartierstaf 7/6; Mev. E. Coetzee, Bloemfontein £1-5-9; Mev. v. d. Merwe, Bloemfontein 2/6; Mnr. Guest, Bloemfontein 5/-; Mev. E. v. Dyk, Bainsvlei 5/-; Mev. M. Marais, Boroda 10/-; Vriend Jacobsdal 10/-. Totaal £156-12-10.

**Gebied ,,D''**

Mev. M. M. Moolman, Vryheid £6.

**Gebied ,,E''**

Kom. E: 1b7 £4-2-6; 2a1 £5-8-6; 2a3 £5-2-6; 2a8 £1-4-6; 9b6 £14; E3 £35; 1a2 £5-16-6; 6c3 £8-15-0; 6b7 £4-6-9; 8a7 £6-12-6; 6b2 £1-10-0; 2a6 £1-1-0; 4c8 £7; 8a £31-16-0; 2a1 £8-10-0; 6a3 £3-1-5; 4b6 £2-17-0; 1b7 £2-3-9; 1b2 £20; 9b1 £16-4-0; 8a2 £3-8-6; 8b2 £1-9-10; 9c2 £5-12-0; E3 £67-11-0. Totaal £262-13-3.

**Gebied ,,F''**

Kom. F: 1a1 £8-11-6; 2a2 £4-5-0; 2a7 £4-12-6; 2b2 £6-10-0; 2b7 £5; 2b7 £3-3-6; 2b7 £7-7-6; 3a £11-19-6; 3a1 £1-7-10; 3a1 £14-9-6; 3a2 £14-9-3; 3a6 £14-9-3; 3a6 £1-7-10; 3a7 £25-3-6; 3a7 £2-17-6; 3a7 £1-7-10; 3a7 £14-9-3; 3b1 £3-13-7; 3b2 £8; 3b7 £3-13-8; 3b8 £8; 3c1 £6-7-0; 3c1 £3-15-0; 3c2 £21-6-3; 3c2 £3-15-0; 3c6 £6-7-0; 3c6 £3-15-0; 3c7 £6-17-9; 3c7 £3-15-0; 4a1 £1; 4a2 £1-8-3; 4a3 £1-10-0; 4a7 £1; 4b7 £1-10-0; 4b8 £2-14-6; 4b9 £1-1-0; 4c1 £3-0-5; 4c2 £3-0-5; 4c3 £2-19-6; 4c6 £23-4-0; 4c7 £2-6-0; Mnr. P. J. v. d. Watt £20; Mnr. P. W. Roux £1-11-3; Geïnterneerdes, Koffiefontein £13-8-6; Mnr. R. Ross £1-10-0; Mnr. L. v. Bergen £5; Mev. S. J. Hofmeyer £2. Totaal £309-0-4.

**BYDRAES DEUR DIE BOEREJEUG TOT DIE NOODHULPFONDS VANAF 25 JULIE TOT 25 AUGUSTUS**

**Gebied ,,A''**

Boeredogters, Moorreesburg 10/-; Marius de Bruyn, Kuruman 2/6; JA1a7 7/-; JA9a6 en Hilda Lombard £5-9-6. Totaal £6-9-0.

**Gebied ,,B''**

JB3a2 10/6; JB1c6 £1-5-0. Totaal £1-15-6.

Met 'n Laertrek te Alexandria het die Boerejeug 'n bedrag van £3-3-0 gekollekteer by geleentheid van 'n diens wat daar gehou was.

**Gebied ,,C''**

CJ10a7 £1.

**Gebied ,,D''**

JD3 £21.

**Gebied ,,E''**

JE5 £2-4-0; JE3 1/6; JE2a7 6/-; Boerejeug-Offisiersraad ,,E'' 14/6; JE6c7 £5; JE3 £1. Totaal £9-16-0.

**Gebied ,,F''**

JF3c2 2/6; JF5a1 £1-12-6. Totaal £1-15-0.

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660, JOHANNESBURG**

**KRISANTE — Oktober-November planttyd.**

Ons ,,DONOU'' Versameling, glorieryke kleurskakering, uitstaande pragsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6.

Ons ,,OPERA'' Versameling, — reuse van die vertoontafel, fraai kleure, 18/6 per dosyn, 12/6 vir 6.

Ons ,,LUUKSE'' Versameling, fraai kleure, reusagtige blomme. 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6.

Ons ,,TUIN'' Versameling, pragtige soorte gesorteerd. 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6.

AMERIKAANSE BOOMANGELIERE, pienk, rooi, salm ens., gesorteerd 10/6, 12/6, 15/6 per dosyn volgens soorte.

Kontant met bestelling.

Sierstruike, Sierbome, Heiningbome, Rose in blikke.

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.**

## KOMMUNIS OOR PARYS

Soos Reuter berig is die bekende kommunis Georges Maranne na ,,bevryding'' van Parys aangestel as prefek van die Franse hoofstad. Intussen word berig van 'n aaneenskakeling van wraaknemings op Franse wat ander politieke oortuigings toegedaan is.

**Nog 'n bewys vir ons stelling dat die demokrasie slegs die pad baan vir die kommunisme, daar hy self iets van die verlede is. Ook in ons land is die keuse nie tussen demokratiese partye nie, maar tussen O.B. of Kommunisme. Vernietiging van die O.B. sou die oorwinning van die kommunisme beteken.**

## SWART HANDEL

'n Offisier van die O.B. aan die Rand, het op 'n dag aan 'n naturel wat in sy nabyheid 'n pak eetgereedskap aan 'n Griek verkoop het, spottend gevra of hy nie 'n paar bande het om te verkoop nie. Sonder om te reageer het die naturel verdwyn. Sowat ses weke later het die offisier in sy motor gesit, toe 'n naturel wat baie deftig gekleed was hom genader en 24 buitebande aangebied het van ,,any size''. Die offisier het hom gevra om die volgende dag weer te kom maar hierdie bestelling is nie gehou nie. Die naturel, wat lont geruik het, het nie opgedaag nie. Gelukkig vir hom ook, want ons O.B.-man het nie bande nodig gehad nie.—(Korr.)

**ROMMELVERWERKING**

● Kleur 'n wit meelsakkie donkerblou en maak 'n seunswerkpak, met groot sakke en gespes waar die bande aan die borslappie vaskom.

Vervolg van bls. 5, kol. 3.

sie was te Rietvlei by oom Kootjie Pretorius, onder leiding van veldkt. oom Gerrie Grobler, vader van genl. M. S. F. Grobler, en veldkte. Van Wyk. Die gees op albei plekke was besonder goed. Die toespraak van hfkomdt. M .M. Smith van Hoofkwartier, en sy besoek aan lede by hulle huise tydens sy verblyf, was van groot betekenis vir hierdie deel van ons kommando. Ons inkomste was hierdie keer ongeveer £60 teenoor £25 verlede jaar.—(Ingestuur.)

**Lydenburg** se poging is vanjaar weer met welslae bekroon. Die verrigtinge is deur genl. Neethling geopen en hfkomdt. Du Plessis van die Hoofkwartier het die gehoor toegespreek. Die pragtige bedrag van oor die £100 is opgebring.

**Groot Marico.**—Op 5 en 12 Augustus het die Manne- en Vroue-kommando's van Groot Marico drie veldkornetskapfunksies gehou. Die opkoms en geesdrif van die O.B.-lede was baie bemoedigend. Die funksies is bygewoon deur komdt. J. W. J. van Vuuren en komdte. A. M. C. van Niekerk asook hfkomdt. Snyman, wat op Schuinsdrift 'n toespraak gelewer het. Die Jeug het pragtig bygedra. Die mooi bedrag van £90 is ingesamel, vergeleke met £33 verlede jaar.

**Grikwaland-Oos** het op Saterdag, 4 Sept. laergetrek te Cedarville. Die verrigtinge is geopen met 'n diens deur ds. De Swardt. Hfkomdt. De Kock het daarop die basaar geopen. Genl. Cadle en hfkomdt. Van Rooyen van die Boerejeug het as sprekers opgetree. **Die Vroue-kommando het £50 ingesamel deur middel van 41 sjielings, wat die lede mee gewoeker het.** Die Boerejeug-tafel het £14-4-0 ingesamel, en die basaar van die Vroue £40. Alles tesame het ons die bedrag van oor die £210 ge-in. Dis £60 meer as verlede jaar. Die gees van samewerking in die Kommando was pragtig. Ons weier om deur politici geskeur te word.

**Porterville.** — Die opbrengs met O.B.-dag van die manne- en vrouekommando's en die Boerejeug is £103 8s. 11d., 'n aansienlike vermeerdering op verlede jaar se opbrengs. **Ten spyte van dr. Malan se skeurbevel is in hierdie deel van sy eie kiesafdeling geen bedankings ontvang nie, en agt nuwe lede het aangesluit.** .. ... ...

Ander opbrengste is: Senekal £110, Villiers £50. Die Boerejeug van Hertzogville £22, Petrus Steyn £130, Lindley £39, Saltlake £45.